

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nagmaal)

**Skriflesing:** Esegïël 7

Teks: **Esegïël 7:2-3,6, 10-12;19, 24-25**

**Sing: TYDENS EREDIENS- Ps. 89:1; Ps. 40:5; Ps. 31:12; Ps. 23:3; Ps. 116....; Ps. 62:1,7**

Broeder en suster- Vandag by hierdie Nagmaal is ons ook by hierdie hoofstuk van Esegïël gebring wat ons kan noem die afsluiting van die Here se oordele oor die stad en oor die land. Dit is nodig om Nagmaal te vier ook met die volle beeld van Esegïël wat ons ook al vir weke besig gehou het. Nou gaan ons dit afrond en Nagmaal vier. Vir omtrent vyf hoofstukke het dit aangehou en aangehou waar die Here deur Esegïël sou wys so kan dit nie aangaan nie. Daar is baie gepraat, baie dinge afgebeeld, baie mense het vir Esegïël verafsku oor hy sulke onheile aankondig terwyl hulle dink dit eintlik met hulle goed gaan. Die mense was waarlik tevrede met hulleself! Teen hierdie tyd is hulle vir Esegïël nou al baie moeg.

Dit gaan in Jerusalem na hulle mening nog eintlik goed. Die volk is regtig van mening dat hierdie ou langdradige Esegïël tog nou moet ophou. Hy sê dinge oor en oor, hy lê op sy sye asof dit enige betekenis moet hê, hy praat nie net langdradig nie, sy hare word ook langdradig. Dan skeer hy sy hare, hy brand stukkies daarvan, kap stukkies, gooi stukkies hare in die wind, bêre selfs 'n klein bietjie hare in die soom van sy jas. Die lomp en omslagtige profeet is vir die grootste deel van die volk eintlik al 'n verleentheid.

\*\*\*

Broeder en suster, dan kom hierdie hoofstuk 7 en dit is Esegïël wat weereens by herhaling dinge sê maar elke keer met die beklemtoning dit is nou die EINDE. Nee, laat ons dit dadelik regstel, dit is nie Esegïël wat dit sê nie, maar die Here sê –EINDE! Tyd vir bekering is daar nou nie meer nie, dit is soos die tyd van Noag...Die woord *einde* kom hier ten minste drie maal voor. Verse 2,3 vers 6, trouens in geen ander hoofstuk van Esegïël word die woorde EINDE so by herhaling gebruik nie.

Wat sit daaragter? Daar kom 'n einde aan dit wat die mens homself altyd mee wil troos. Daar kom 'n einde aan dit waarmee die mens sy eie bas wil red. En weet u, wat word dan hier in hoofsaak uitgewys as dit waar dit nou by gaan eindig. Tweë dinge. Geld en 'n valse kerkbegrip! Met geld en 'n valse kerk wil die wêreld sy redding bepaal. In Jerusalem was dit waarmee die mense hulle die meeste mee besig gehou het. Die handel en die tempel, natuurlik ook in hierdie volgorde!

Terwyl dit in Jerusalem nog goed gegaan het, so het die mense gedink, het hulle nie die minste verwag dat daar 'n einde kan kom nie. 'n Einde aan land en volk, 'n einde aan stad en tempel. Jerusalem en selfs die hele platteland, tot daar waar daar verlede week tot vas teen die berge geprofeteer was, het hulle mos eintlik goed gelewe. Waar kom hierdie haatlike mens, Esegïël nou vandaan, wat gee hom die reg om vir ons te vertel wat die einde gaan wees?

\*\*\*

Hulle wil hom regtig nie hoor nie, wil ons hom hoor, broeder en suster?! Ons het geen keuse nie. Esegïël maak dit duidelik hier gaan vreemde dinge gebeur. Julle handel gaan in die gedrang kom. Hoe so? Ja, dit gaan gebeur in mooiweer tyd. Dit sal wees asof die een dag maar nog is soos die vorige dag. Maar dan gebeur v5 en v10- *So sê die Here, HERE: Onheil op onheil, kyk dit kom* Ook v.10- *Kyk, die dag, kyk hy kom! Die lotsverandering het uitgegaan, die roede het gebloeï, die trotsheid het uitgespruit...* By herhaling wys die Here op 'n lotverandering wat gaan plaasvind (vv7,10).

\*\*\*

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nagmaal)

Weereens al staan die volk in mooiweertyd, sal hulle nooit kon sê ons was nie gewaarsku nie. Esegiël het by herhaling die wolke van God se donderende stem gewys en laat hoor...Wolke oor baie volke! Dit is nie asof daar maar sommer uit die bloute terwyl ons niks kon verwag 'n weerlig skielik in ons midde uitslaan nie. Die Here werk nie soos weerlig wat jou onverwags, onvoorbereid, sommer maar eensklaps wegslaan nie! Die verbond van die Here is juis die bewys dat God loop met 'n mens 'n pad, 'n lang pad, daar loop baie water in die see voordat die see van God se oordeel nou genoeg gehad het en dit dan soos 'n tsoenami eenvoudig uit sy walle kan terug breek en die grond kan insluk wat niemand kon dink dit is moontlik nie.

Die tsoenami van God se oordeel, waar die Here sy grimmigheid sal uitgiet, sy toorn laat uitwoed, waar die Here se oog nie sal verskoon nie en Hy nie sal spaar nie (vv 8-9), dit wat in jou midde gebeur, dit gaan weereens daarvoor waarna ons verlede week by ons voorbereiding in besonder wou kyk- *dat julle sal weet dat Ek die Here is, ...* (v.9) As God nie meer vir jou die Here is nie en mense wil dit nie erken nie, hulle hou maar aan om God met hulle gode gelyk te stel, hulle hoogtes tussen die berge, hulle sonpilaartjies en altaartjies is afskuwelik, dit word iets van 'n heidense sakrament, dan sal God daarvoor uitroep- *EINDE!*

\*\*\*

Dit sal julle handel eerste raak, want dink die mens sy handel sal alles kan regmaak. V.12- *Die tyd het gekom, die dag is naby, laat die koper nie bly wees nie en die verkoper nie treur nie; want die toorn gloed is daar oor die hele menigte van die land...* Debiteure en krediteure word ewe veel geraak, want sien u wat gebeur broeder en suster. Die mense met die baie besittings sal alles probeer om wanneer die oordeel Jerusalem tref om dan nog op hulle welvaart staat te maak. Nog sal hulle die einde nie wil aanvaar nie, want wat doen 'n mens in sulke tye. Die een se dood is mos die ander se brood. Asof dit geregverdig kan word. Mense wat selfs uit 'n oorlog geld wil maak ten koste van ander.

Weer sal hulle wil doen soos toe Nebukadnesar in 595v.C die room van die land weggevoer het. Toe het die armes met die rykes nou weg sommer hulleself alles toegeëien. Intussen het die armes wat nou hulle eie soort van regstellende aksies toegepas het, ook sommige ryk en welvarend geword. Nou kom daar weer 'n beleëring en kyk wat doen die welvarendes nou. Om nie al hulle gronde te verloor nie, begin hulle gedeeltes daarvan aan die armes te verkoop. Die verkopers treur, maar wil hulle maar eerder gedeeltes verkoop voordat hulle naderhand alles verloor. Dit is nie maklik om so van jou goed ontslae te raak nie.

Nou in die gesig van die einde wat niemand eintlik werklik wil erken die einde kan wees nie, nou is die kopers bly. Hulle glo hulle het goed gekoop, maar Esegiël praat met koper en verkoper. Koper moet nie bly wees nie, verkoper moet nie treur nie, want daar kom die tyd wat julle geld en eiendom, alles ingesluit niks werd sal wees nie. Dan gebeur wat daar in v.19 ook staan- *Hulle silwer sal hulle op die strate gooi en hulle goud sal 'n voorwerp van afsku wees, hul silwer en hul goud sal hulle nie kan red in die dag van die grimmigheid van die HERE nie, hul siel sal hulle daarmee nie versadig of hulle ingewande daarmee vul nie, want dit was die struikelblok tot hulle ongeregtheid.*

\*\*\*

As ons somme op papier maak, optelsomme of aftreksomme dan trek ons net voor die antwoord 'n streep, maar hier wys die Here Hy sal die finale streep trek. Daardie oordele wat in die vorige hoofstukke uitgewys was as dit werklik losbreek dan is grond

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nagmaal)

en geld ewe waardeloos. Met jou geld wat hulle waarde verloor het, kan jy nie eers meer kos koop nie, die honger, die swaard en die pes is gelyk aan die gang en jy kan nie met geld God se toorn afkoop nie. Ja, geliefdes, wat kan ek en jy as mens doen, wat beteken ons geld en ons goed as God sê dit is nou klaar- God sê dit is die einde!

\*\*\*

Al speel geld so 'n ontsaglike groot rol in ons lewens maar onder die eindstreep wat die Goddelike hand bepaal, daaronder kan die syfers dalk miljoene wys maar steeds is dit waardeloos. Israel sou hulle geld net sowel op straat kon gooi en laat ons nie maar net na Israel kyk nie, broeder en suster....In Openbaring 18 wys die Here vir ons hoe ons in onself niks beter as Israel is nie. Die politieke wêreldleiers, die groot ekonome van die wêreld, ja die media en alles daarmee saam, die televisie manne van ons tyd, almal is in Openbaring huilende...In Openbaring 18 lees ons eers van die wêreldleiers, v9- *Die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween...* Hulle huil oor die groot hoer Babilon, ja Babilon sal die saamtrekpunt wees waar die wêreld dink sy volle mag lê. Uit Babel is daar geleef. Vandaar het die politieke leiers en die ekonome die doel van hulle lewe en welvaart geput. Babel is die toppunt en tydbom van menslike grootheidswaan, waar die Antichris sy internasionale eenheidstaat sal oprig en die Yen en die Dollar en die Pond en die Euro en die Rand, elke wêreld aandele beurs sal hier tot die grootste magte gereken word.

\*\*\*

Binne 'n uur lees ons in Openbaring het God alles verwoes. Nie net huil die politieke leiers oor die hele wêreld nie, maar die ekonome bars ook in tranen uit- Op.18:11- *Die handelaars van die aarde sal ween en rou bedryf oor haar*(hulle huil oor hulle vrou Babilon)- Die geldmagnate, die skrandere besigheidsmanne, die manne van die geldmarkte, die bankiers oor die wêreld ook hulle sal op 'n afstand staan en huil oor hulle geliefde Babel wat in puin lê. Niemand wil meer koop nie en daarom kry niemand niks verkoop nie. Die ekonomie is dan tot in sy diepste bestaan gedood, so dood soos Babilon wat ekonomies verafgod was.

Ook die kommunikasiewese van die wêreld, dit wat in Johannes gesien was as skepe, dit was daardie tyd die top vervoer tussen lande en ook het inligting deur skepe op die beste manier hulle weg moes vind. Ons lees in Op.18:17-19- *Elke stuurman en die hele menigte van skepe en die matrose en almal wat die see bevaar...eers het hulle vêr weg gestaan...*dan ween hulle ook. In ons terme is ons uitruiling van inligting baie meer gevorderd en gesofistikeerd. Ons het die internet wat die hele wêreld eintlik so klein soos 'n ertjie korrel maak, ek kan nou na Australië inligting stuur, binne sekondes is dit daar, ek kan in my sitkamer kyk hoe lyk 'n enkele gras spruitjie op die rugbyveld van Auckland in Nieu-Seeland, maar Openbaring sê die manne van kommunikasie gaan niks minder huil as die konings van die aarde en die ekonome van die wêreld nie. Die stuurmanne van die skepe huil net soveel, al was hulle inligtingsverspreiding ook die beste wat daar kon wees. In ons terme, die internet en selfone en satellietstasies kan my nie red nie! Dit wys Openbaring so duidelik.... Babilon raak totaal verlate, die plek waarop die wêreld so versot was. Mense het hulle hele hart op die goed van die wêreld gesit, dit beteken ook die einde.

\*\*\*

Ja, dit is nog 'n groter einde as die wat Esegïël sou aankondig. Die groot einde van alle eeue is waarvoor die Openbaring van God staan. Broeder en suster, in Esegïël het die volk moes besef ons geld gaan ons nie red nie, maar ook nie ons valse kerkbegrip nie. Die mense in Jerusalem het gedink die tempel is onskendbaar. God sal mos daarvoor sorg dat sy tempel en sy stad staande bly. Dit moet ons goed raaksien, die

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nagmaal)

Here sal altyd die ware kerk in stand hou, die Here sal die ware kerk nie verlaat nie. Maar moet nie dink God sal in die kerk gedien wil word wat Hom met ander gode ook wil dien nie. 'n Kerk wat roep vrede, vrede, maar die vrede wat daar met God moet wees word nie eers oorweeg nie. 'n Kerk waar daar oor eenheid baie gepraat word, ekumene het die wagwoord geword, maar dan word daar eintlik tussen die Christus-belyers en die Christus-bestryders geen daadwerklike onderskeid gemaak nie. Christus wat uit die Ou Testament gehaal word, is tog 'n subtiele bestryding van Christus!

\*\*\*

Heeltyd word gemaak asof ons maar dieselfde Here dien maar die Woord van God dra nie die finale gesag nie. Wanneer iemand die Woord bestry, wanneer die Woord afgekraak word, dan is so 'n mens 'n Christus-bestryder, al sal hy homself nie so wil noem nie. Kan ons, mag ons met so iemand ekumenies ons eenheid verklaar. Dit mag tog nie, tensy ekself die eenheid met die eintlike Christus-bestryders hoër ag as wat ek die ware eenheid met die Christus van God soek.

Die Christus van God, Hy wat u nou na sy tafel nooi, Hy wat jou vra- *Waarom weeg jy geld af vir wat geen brood is nie en jy arbeid vir wat nie kan versadig nie. Luister aandagtig na My en eet die goeie en laat julle siel in vettigheid hom verlustig...* Ons het vandag gehoor, geld kan my lewe nie waarborg nie, die valse kerk in Jerusalem sou tot die grond afgebreek word. Dit wat ons besef mense dink hulle geld kan doen, hulle het eintlik hulleself daarmee verkoop, aan die Babilon van die wêreld kan 'n mens jou uitverkoop.

Terwyl Christus ons wat Nagmaal vier ook voor 'n transaksie plaas, maar totaal anders is dit wat ons van Hom hoor. *O almal wat dors het kom na die waters, en wie geen geld het nie, kom koop en eet, ja kom koop, sonder geld en sonder prys wyn en melk...*(Jes. 55:1). Vir die Nagmaal kan ons nie betaal nie, ons sou nooit daarvoor kon betaal nie, hiervoor het ons nie geld nie, maar watter voorreg om te mag weet hierdie transaksie is afgehandel. Met Christus se bloed het Hy vir ons betaal. Toe Christus gekom het, het Hy ons gekoop, maar Hy het ons nie met geld kon koop nie, maar het ons met sy bloed gekoop.

En dit wat vir Christus die ware kerk is, daarvoor sou Hy sy lewe gee. Christus plaas nie die geld voor die tempel soos dié in Esegïël se tyd nie, die ware tempel moet deur geld bedien word, maar hoe het Christus ook sou sorg dat selfs in die bek van 'n vis daar die nodige fondse moet wees as dit gaan om Sy eer en om die behoud van Sy kerk. Daar is gevra- *Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie?* (Matt. 17:24). Christus het hierdie belasting betaal, al was Hy die Een wat eintlik heeltemal daarvan vrygestel moes wees. Hy wat die Seun van God is, Hy het gesorg dat 'n vis genoeg geld in sy bek het die oomblik toe Petrus die vis uit die water trek.

Maar die valse kerk waaragter die volk van Esegïël wou skuil, broeder en suster, Esegïël wys hoe mense skielik nie meer na die kerk sal soek nie, maar na die ware kerk wil hardloop. Die profete wat deur die volk verag was, soos Esegïël, skielik moet hulle dan te voorskyn kom, hulle word begeer, nou verlang hulle die woorde van die profeet, van die oudstes en van die priesters, maar hulle se raad is nou verlore. Dit is nou te laat. God het niks meer te sê nie. Dit is die Einde! Die ware profeet is een wat deur God gestuur word, hy praat op bevel van God, dit is die gestuurde wat praat al begeer die volk nog nie om hom te hoor nie, want dit kan wees as die volk begin roep, dan is die

Pretoria- 22 Augustus 2010 (Nagmaal)

geleende tyd verby. Dan sal die profeet nie meer praat nie. Die tyd wat die volk nie wil luister nie, dan is hulle aandag te veel by die geld en by die goud en by die silwer.

Die oë is so op die goud dat die oor nie op die Woord kom nie. Wanneer God die eindstreep trek, dan skielik moet die profeet kom, maar dan is mense se oë in alle geval al so deur die goud beduiwel dat hulle nie in staat is om waarlik die gesig van die profeet te sien nie.

\*\*\*

Maar weet u en hiermee sluit ons af, daar is plek vir ook die goud, daar mag goud gedagtes en geld gedagtes ook aan die Here se tafel wees, maar dit moet in die regte verhouding staan. Die nuwe Jerusalem se strate sal van goud wees, in Genesis 2 lees ons ook van goud. Aan die begin van die Bybel staan daar by die eerste rivier in die tuin van Eden- die Pison rivier het om die hele land Hawila geloop waar die goud goed is. Genesis se goeie goud sou Openbaring en die nuwe Jerusalem se straatgoud kon wees, want geld op sigself is nie die slyk van die aarde nie, dit moet ook tot God se eer staan. Gebruik dit waarvoor die Here dit vir ons gegee het. Die regte waardering daarvoor is so belangrik, dit bly gawes van God, gawes wat ek ook nie mee mag mors nie. Ek mag nie met geld mors nie, maar ek moet God daarmee dien. Die regte waardering van die Nagmaal sal my goudgedagtes bepaal, terwyl goudgedagtes nie die Nagmaal kan bepaal nie.

AMEN